

HERVESTIGING VAN ELEKTRONIESE DIENSTE PLATFORM VIR SARS

Pretoria, Maandag 8 April 2019 - Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) sal in April 2019 migreer na 'n nuwe aanbiedingsplatform vir sy elektroniese dienste.

Die nuwe en betroubare platform beskik oor die nuutste tegnologie op die mark en sluit 'n verrissing van SARS se harde- en sagteware in.

Dit is deel van ons strewe na digitale transformasie wat na verwagting menige innoverende oplossings sal bied ter stawing van ons mandaat om dit vir ons belastingpligtiges maklik en veilig te maak om nakomend te wees.

Die migrasie is geskeduleer vir Vrydag 12 April vanaf 17:00, tot Dinsdag, 16 April teen 06:00.

Gedurende die oorgang sal die volgende SARS-stelsels geaffekteer wees:

- SARSeFiling en SARS eFiling-toep (insluitend registrasies, indiening, betaling en die funksionaliteit om stawende dokumente op te laai)
- e@syFile™ Employer (insluitend die funksionaliteit om doeane stawende dokumente op te laai)
- SARS-webtuiste

Die doeane Elektroniese Data Wisselaar (EDI) poort, wat die primêre elektroniese kanaal is waardeur doeane-kliënte met SARS kommunikeer, sal nie geaffekteer wees nie.

SARS kliënte word aangemoedig om alle transaksies op hierdie stelsels af te handel lank voor die oorgang. Alhoewel, dringende transaksies wat gedurende hierdie tydperk gemaak moet word, kan per hand by 'n SARS-tak gedoen word gedurende gewone bedryfsure.